

Merkwaardige Lewensverhaal van 'n Omstrede Figuur

Jonathan Hyslop, *The Notorious Syndicalist; J.T. Bain: A Scottish Rebel in Colonial South Africa*

Jacana Media, Johannesburg, 2004

300 pp

Soft cover, maps, photographs

ISBN 1 919931 72 4

R189.00

Met hierdie boek lewer Jonathan Hyslop, vise-direkteur van die Wits Institute for Social and Economic Research (WISER), 'n uiters geslaagde biografie wat weer bewys dat 'n individu as vertrekpunt gebruik kan word om 'n verlede leefwêreld in 'n konteks te plaas wat dit vanuit ons eie tyd soveel meer verstaanbaar maak.

Wie was hierdie “notorious syndicalist”? James Thompson Bain is in 1860 in Dundee, Skotland, gebore. Hy het vroeg in sy lewe reeds begin werk en hom op sestienjarige ouderdom by die Britse weermag aangesluit. In 1879 het hy as Britse soldaat in Natal teen die Zulumagte te staan gekom. Daarna was hy vir 'n paar jaar in Brits-Indië. Gedurende die 1880's het Bain hom in Edinburgh, Skotland, bevind. Daar het hy deel geword van die Scottish Land and Labour League. Dit was dan ook in Edinburgh waar Bain vir William Morris van *Arts & Crafts*-faam teëgekome het. Morris het 'n blywende indruk op hom gemaak. Bain was 'n kranige leser. Sy boekversameling, wat onder meer 'n groot aantal van Thomas Carlyle se werke ingesluit het, is gekoester en hy het gereeld na ander skrywers en denkers verwys. Teen ongeveer 1890 het Bain na Suider-Afrika verhuis. In hierdie half-landelike, half-industriële opset het hy gereeld na 'n selfonderhoudende wêreld sonder kapitalistiese industrieë gehunker. Hy het aanvanklik in Kaapstad gewoon, maar kort daarna na Kimberley vertrek. Hierna het hy hom hoofsaaklik in Johannesburg gevestig, afgesien van 'n paar jaar wat hy in Pretoria en Cullinan deurgebring het.

Bain se laslap-lewenservarings het van die 1890's op 'n besondere manier bymekaargekom. Soos Hyslop se eie gewaarwording tydens die navorsingsproses was: hoe meer onwaarskynlik 'n gebeurtenis in Bain se lewe voorkom, hoe meer waarskynlik is dit dat dit waar kan wees. Bain het 'n groot verskeidenheid bekendes in sy leeftyd ontmoet, onder andere Paul Kruger in sy ampstyd as President van die Zuid-Afrikaanse Republiek (ZAR); Mohandas K Gandhi wat later Premier van Indië sou word; G.K. Gokhale, nóg 'n figuur uit Indiese politiek en 'n mentor van

Ghandi; James Keir Hardy, wat onthou word as een van die stigterslede van die Britse Arbeidersparty; Ramsay MacDonald, wat Brittanje se eerste Arbeiderspremier geword het; die Ierse nasionaliste John MacBride en Arthur Griffith; die Suid-Afrikaanse skrywer Olive Schreiner; die vakbondleier en politikus Mary Fitzgerald; asook die Boereleiers Louis Botha en Jan Smuts.

Dieselfde mens wat vir die Britte teen die Zulus geveg het, het in 1896 'n burger van die ZAR geword. Hy het vir die ZAR op Cecil John Rhodes se British South Africa Company gespioeneer en is gedurende die Anglo-Boereoorlog vir 'n tyd lank as krygsgevangene na Ceylon gestuur. Na sy terugkeer na die Transvaal, het hy met Smuts onderhandel om die staking van 1913 in Johannesburg te beëindig. Kort daarna het Smuts en Botha hom gedeporteer in 'n poging om die revolusionêre aard van die dreigende stakings vroeg in 1914 te ontlont. Teen die einde van 1914 was Bain egter terug in die Transvaal, steeds besig om homself met die lot van die arbeiders te bemoei. Hy het 'n leidende rol gespeel in die staking van 1919, wat byna op 'n revolusie in Johannesburg uitgeloop het.

Hyslop het die verhaal van J.T. Bain ingewef in die konteks van die Britse Ryk se ekonomiese en politieke ontwikkelinge van die laat-negentiende en vroeg-twintigste eeu. Daar is op kundige wyse vergoed vir die tekort aan bronne oor Bain as persoon deur die tydgenootlike maatskaplike toestande, politieke gebeure en die mense wat 'n rol in sy lewe gespeel het, deurlopend te ondersoek. Dié tegniek stel die leser in staat om hom/haarself in die wêreld van Bain in te leef. Die skrywer is deurgaans teenwoordig in die teks en 'n mate van paternalisme kan hier en daar raakgesien word, veral in die oordeel wat hy soms oor Bain se gedrag of besluite fel. As geheel is die boek egter 'n groot sukses. Hyslop het daarin geslaag om nie alleen 'n karakter wat 'n beduidende invloed op die Suid-Afrikaanse geskiedenis gehad het, in die kollig te stel nie – hy het dit ook vir die leser duidelik gemaak hoe 'n individu Johannesburg se ekonomiese ontwikkeling in dié tyd ervaar het.

Elize Sutherland
Pretoria